# TYDSKRIFOORSIG

*Missionalia*, Vol. 9, No 2, August 1981. Editorial 45. Goba, B.: Towards a 'Black' Ecclesiology 47; Nxumalo, J., O.M.I.: The Church from a Black perspective 59; Maimela, S. S.: Man in 'White' theology 64; Van Rooy, J. A.: The image of man in White Theology: Calvinist, Biblical, or self-centred? 78; Book reviews 86.

*Missiological Abstracts* 69.

*Theological Evangelica*, April 1981, Volume XIV, No. 1. Uit die Fakulteit 2; Prof. I. H. Eybers: The value of archaeological excavations for Biblical studies: 3; Ds. Pieter Schoeman: Mitologie en godsdiens 10; Rev. Henry Lederle: Fruitio Dei or getting blessed right out of your socks! 23; J. S. Krüger: Religious man in the world 32. Resensies 43.

*Theological Evangelica*, September 1981, Volume XIV, No. 2. Prof. I. H. Eybers: Uit die Fakulteit 2; Dr. David Catchpole: The Sermon on the Mount in today's world 4; W. C. Coetzer: Die debat rondom die „Frühkatholizismus" 12; Prof. Klaus Nürnberger: The Law-Gospel Debate as a possible basis for a theological ethic 25; Prof. Charles Villa-Vicencio: Israel: an image of captivity for contextual theology 48; Prof. H. J. C. Pieterse: Die krisis rondom huwelik en seksualiteit 63; Resensies 71.

*Journal of Theology for Southern Africa*, September 1981, No. 36. Editorial 2; George Irvine: The Minister as Preacher 3; H. J. C. Pieterse: Sermon Forms 10; J. J. F. Durand: Life and Death as a Theological Problem 18; Simon S. Maimela: Man in 'White Theology' 27; David J. Bosch: Evangelism: an Holistic Approach 43; Documentation: Students' Christian Association Stuednts' Declaration 1980 64; Book reviews 70.

*Theologia Viatorum*, Julie 1981, 9 : 1. H. G. van der Westhuizen: Godsdiensfilosofie — 'n Ekskurs 1; P. Bolink: I believe in God 6; Christopher R. Stones: The Divine Light Mission in South Africa 18; H. G. van der Westhuizen: Die Bybel en Charismatiese Bewegings 26; Boekbesprekings/Book reviews 35.

*Koers*, Bulletin vir Christelike Wetenskap, Jaargang 46, 1981, Nommer 1. P. J. J. S. Potgieter: L. J. du Plessis — 'n kort lewenskets 3; P. J. J. S. Potgieter: L. J. du Plessis as „Politieke Profeet": 8; Lourens M. du Plessis: L. J. du Plessis as regsdenker 31; L. J. du Plessis: The theory of the legal state 70; Boekbespreking 92.

*Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, Deel XXII, Nommer 4, September 1981. Dr. H. J. Jones: Enkele hiërargiese aspekte in die betekenisstruktuur van die Bybelboek Rut 254; Dr. J. A. Loubser: Paulus se doring in die vlees, 2 Kor. 12 : 7 259; Prof. J. P Louw en mnr. H. F. Stander: Paulus se „doring in die vlees" 269; Dr. A. J. C. Erwee: Die sending van die Ned. Geref. Kerk onder die inboorlingvolke van Noordwes-Kaapland 273; Prof. J. W. V. van Huyssteen: Sistematiese teoloog en persoonlike geloofsbetrokkenheid 291; Ds. J. T. de Jongh van Arkel: Evaluering van Godsdiensbelewing 303; Dr. A. S. van Niekerk: Christus in swart en wit? 314; Boekbeskouing 324; Boekaankondigings 338.

*Hervormde Teologiese Studie*, Jaargang 37, Aflewering 3. S J. Botha: Die Nederduitsch Hervorme Kerk en leervryheid uit die geskiedenis van die

Nederduitsch Hervormde Gemeente Pretoria 1; E. Brown: Gemeentegeskiedskrywing en die ontsluiting van die geskiedenis van die Afrikaanse Kerke 29; J. J. P. Müller: Is die kerk volgens kerkregtelike beginsels 'n universitas of 'n societas? 38; J. P. Oberholzer: Vyftig jaar Kerk, Teologie en Universiteit 43; J C. Oelofse: Die kerk universitas of societas, juridies besien 49; A. D. Pont: Die figuur van Van Broekhuizen uit die geskiedenis van die Gemeente Pretoria 55; Boekbespreking 74.

*Hervormde Teologiese Studies,* Jaargang 37, Aflewering 4. C. H. du Plessis, Die Perikope in Johannes 8 : 21—30 1; A. G. van Aarde, Die Kritiek op die Fundamentalisme, 'n vorm van Teologiese Liberalisme 6; D. J. C. van Wyk: Aspekte van die Islamitiese Renaissance 22; C. J Viljoen: Die Religieuse in Afrika-Sosialisme 36; Boekbespreking: 53.

## ARTIKELBESPREKING

Uit bogenoemde artikels vestig ek die aandag veral op een naamlik A. G. van Aarde se *Die kritiek op die Fundamentalisme, 'n vorm van Teologiese Liberalisme* in die HTS jg 37 afl 4. Ek doen dit omdat dit skyn of die teologiese debat in Suid-Afrika gedurende die komende jare dalk op die Skrifleer sal toespits. Die skrywer kom in genoemde artikel tot die konklusie dat 'n tipe van ortodoksie die gevaar loop om hom skuldig te maak aan 'n telogiese liberalisme wat die gesag van die Skrif ondermyn.

Reeds eerder het J. A. Loader hierdie tema ter sprake gebring in 'n myns insiens opsienbarende artikel in die HTS jg 35 afl 1—2: *Ortodokse fundamentalisme en die gebruik van die Ou Testament in Suid-Afrika.* Hy meen dat o a. Totius 'n deur en deur fundamentalis was en dat hierdie fundamentalisme deurgewerk het in die Afrikaanse Bybelvertaling, die Bybel met Verklarende Aantekeninge, Bybelkunde handboeke, teologiese studieboeke en in die prediking van die OT.

Dit is duidelik dat van die Hervormde teoloë 'n oper standpunt ten opsigte van Skrifkritiek daarop nahou. In *Die Hervormer* van Febr. 1982 staan ook dat „in die Ned. Hervormde Kerk 'n vorm van kritiese teologie en Skrifbeskouing nog altyd geduld is" maar daar word tegelykertyd gewaarsku teen 'n verwarrende woordespel wat nêrens heen lei nie" (bl. 1). In dieselfde uitgawe raps die redakteur ook vir J. A. Loader volgens wie die gees van die wraakpsalms lynreg bots met die gesindheid van liefde wat van 'n Christen verwag word. „Hier skuil," so oordeel die redakteur, „'n onverantwoordbare verdeling tussen Ou en Nuwe Testament asook 'n humanistiese liefdesbegrip wat met die Bybel niks te make het."

Ek dink in hierdie verband ook aan die uitspraak van dr. P. B. Boshoff in *Die Hervormer* van Sept. 1980: „Ter ondersteuning van die belangrikheid van Markus 12 as beslissende teks oor die gelowige se houding teenoor die staat noem ek dat enigeen met noukeurige lees sal insien dat Romeine 13 : 1—7 agterna in Paulus se brief ingeskryf is, heel waarskynlik kom dit uit die sinagoge. En Luther sê van die boek Openbaring dat elke gelowige self moet besluit, maar wat hom betref vind hy die boek ken Christus nie en verkondig Hom ook nie." Hierdie omstrede uitspraak het tereg vrae by P. G. Geertsema in *Die Hervormer* van Nov. 1980 ontlok.

Besonder interessant is prof. Ben Engelbrecht van Pretoria se oordeel oor „sekere jonger Afrikaanse teoloë" wat die Skrifwaarhede nie as ewige waarhede nie maar as relasionele waarhede sien. Hy sê hiervan: „Hierdie ‚nuwe' Skrifbeskouing maak 'n sistematiese belydenis asook die vakke soos Dogmatiek en Christelike Etiek in die tradisionele sin, feitlik onmoontlik" *(Die Kerkbode,* 3 Febr. 1982 bl. 9).

Die bedoeling van hierdie kort bespreking is hoegenaamd nie om 'n indringende diskussie te wees nie. Veeleer is die gedagte om enkele probleemvelde te signaleer en om tot dieper studie en breër diskussie aan te moedig.

Dit is ook duidelik dat in ons gesprek oor kerkeenheid die Skrifleer nie mag ontbreek nie.

J. H. v. W. 15 Februarie 1982.

## BOEKE ONTVANG VIR BESPREKING

W. van 't Spijker: *Triptiek van de geschiedenis.* De verhouding tussen wereld-, heils- en kerkgeschiedenis. Oosterbaan en Le Cointre, Westwal 45, 4461 C. M. Goes. Prys onvermeld.

I. C. Trimp: *‚Media Vita'. De betekenis van de gereformeerde ambtsleer voor de ‚humaniteit' in de kerkelijke zielszorg.* Kamper Bijdrage XXIV. Prijs ƒ17,50 (LGB).

C. van der Waal: *‚Opening van Jezus Christus' II.* (Prijs: ƒ70,75. (MAK).

VAN IBC, P.U. VIR CHO, POTCHEFSTROOM:

Rev. Stuart Fowler: *On being Human: Toward a biblical understanding.* 37 blss.

Prof F. M. J. de Villiers: *Sterwensbegeleiding.* 31 blss.

Versamelwerk F. 3: *Die uitdaging van die Neo-Marxisme op die gebied van die Wetenskap.* R6,00 (J.M.V.).